

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 32**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# ***KOM TERUG MY KIND***

Daar is duisende mense in ons land wat van die kerk vervreemd is. Duisende ander behoort nog net in naam aan 'n kerk, maar het alle aktiewe belangstelling verloor. Daar is ook 'n aantal van ons mense wat nog nooit aan 'n kerk behoort het nie.

Aan hulle almal word “Quo vadis” met liefde opgedra.

Is u een van hulle? Dan is dit ons opregte bede dat u in hierdie eenvoudige blaadjie die stem van u moeder sal hoor — u moeder wat in die Naam van Jesus Christus roep na haar verlore seuns en dogters. U moeder wat snags wakkerlê van hartseer en bekommernis oor haar kinders wat haar nie meer liefhet nie. U moeder wat met baie pyn moes bemerk hoe u die rug op haar gedraai het. As God u Vader is, is die kerk u moeder. Sy verlang na u in u vreemdelingskap. Sy bid nog altyd vir u in u nood.

Sy roep u toe in u eensaamheid... kom terug, my kind. Ek het jou nog altyd lief. O, kom dan tog terug. **Het u die roepstem verstaan?**

Miskien het u, bewus of onbewus, lankal daarop gewag? Wel, dan het die tyd vir u aangebreek om terug te kom — huis toe, na u geestelike moeder toe. Wat moet u doen? Dis baie eenvoudig. Kom Sondag kerk toe.

**P. W. B.**

# ***ONS IS KWAAD VIR DIE DOMINEE***

U is kwaad vir die dominee. 'n Mens kan nogal kwaad raak vir 'n dominee. Hy sit daar in 'n beskermde posisie en hy hiet en gebied jou wat die storm en leed van die lewe moet verduur.

Die kerk is sy lewe. Nou kom hy jou vryheid en veilige afsondering versteur deur heeldag by jou aan te dring om kerk toe te gaan. Jy, wat heeldag jou moeg gespook het, moet nog jou Sondag ook opoffer.

Hy word goed versorg — 'n huis, traktement, motor en nog baie gawes van goedgesinde lidmate — en dan moet jy jou swaarverdiende geldjies afknyp om tot sy versorging by te dra. Wat weet hy van stryd, eensaamheid, armoede, vrees, skuldbesef... en dan kom hy met sy strenge eise by jou skuld byvoeg.

As jy drink, sê hy jy moenie drink nie; maar hy probeer nie die groot leegte verstaan wat jou magteloos kan drywe en jou 'n slaaf van die drank maak nie. As jy met jou vrou ernstige rusie het, praat hy van sensuur, maar weet hy van die gedurige gemor, die gekyf, die gesukkel, haar dominerende eise... en dat jy moeg is van probeer?

As jy na 'n bietjie plesier jaag in die lewe, striem sy tong jou. Wat weet hy van die bande wat jy probeer ontvlug, van die vreugdeloosheid van jou bestaan en dat jy tog êrens 'n bietjie vreugde moet kry? Jy moet tog lewe!

As jy hom nodig het — as jy siek lê, as jy aangesê is om jou woonstel te verlaat, as jy uit jou werk geskors is, as jy alleen in die nag deur die strate slenter — dan is hy nooit daar nie. Dan hoor jy dat hy te besig was met vergaderinge, met kommissies, met skoolsake en met verlof!

Baie keer as hy praat, dan is dit met sy kunsmatige predikantstem; dan voel dit of hy self nie heilig oortuig is van wat hy sê nie; soms klink dit of hy jou bestraf om sy eie sondes te verberg. Jy kry die indruk of hy sy eie selfsug, sy sug na roem, sy eensydigheid uitlewe en dan praat hy met jou! Ja, dis waar. Daar is genoeg rede om kwaad te wees vir die dominee.

Nou doen jy wat 'n mens doen wat kwaad is. Jy pak die skuld op die dominee wat hom toekom; jy neem 'n vyandige houding teen hom in; jy vertel almal van sy swakhede — dis nie skinder nie, want iemand moes lankal daarvoor begin praat het. Jy bly uit sy kerk weg; jy onttrek jou bydraes; jy gaan jou eie gang en jy bou 'n skermmuur om jou!

Jy het so hard met die dominee gespook dat jy vergeet het dat jou eintlike probleem jyself is! Jy het so venynig na hom gekyk... dat jy vergeet het om na God te kyk. Jy het so gekonsentreer op sy sondes en swakhede... dat jy jouself nie voor God sien staan het nie!

Jy was niks beter as die Fariseër in die gelykenis nie, want jou houding het gesê: O God, ek dank U dat ek nie is soos hierdie dominee nie. Het jy 'n ware beeld van hom? Het jy 'n ware beeld van jouself of het jy 'n valse beeld van hom geskep, sodat jy jou in selftevreidenheid en selfregverdiging kan toemaak en jou verantwoordelikheid van jouself kan afwerp!

Hy dra nie jou verantwoordelikheid nie. Hy het sy eie en dit is om jou sondes te ontdek, al is hy ook 'n sondaar. Hy moet aan jou die genade van God in Christus verkondig, terwyl hy self in sondenood verkeer.

Jou verantwoordelikheid is om die Woord van God te hoor en aan te neem; om die boodskap van verlossing in Christus te glo; om jou te onderwerp aan die genadewerk van die Heilige Gees. Ek sal vir jou sê wie het vir jou ingetree. Jesus Christus. Hy het al jou onverantwoordelikhede op Hom geneem. Hy het vir jou sondes betaal en jou met God

versoen; Hy het vir jou die lewendmakende Gees verwerf wat jou laat herleef tot nuwe verantwoordelikheid.

Moet nou nie weer kwaad wees vir die dominee nie. Soek met alle mag na die genademiddele wat God ingestel het om jou geloof te bou en versterk: die prediking van die evangelie van Christus; die sakramente (Dooop en Nagmaal) en die tug (bestraffing, vermaning en lering).

Vra jou af of die dinge waarvan jy die dominee beskuldig, nie in jou eie hart lê nie. Sien jouself voor God staan. Aanvaar jou eie skuld. Worstel met God en soek sy genade.

Die dominee — al is hy 'n sondaar — sal jou hierin waarlik steun, want hy is 'n bedienaar van die genadeweldade van God.

**ALWYN SMIT**

## **Woorde met vleuels**

God het so 'n gesindheid jeens ons in Christus dat ons selfs in ons verdrukkinge groot geleentheid tot danksegging het. Want wat is meer gepas om ons te vertroos as wanneer ons leer dat God ons in Christus so teer omhels dat Hy alles wat oor ons kom, tot ons beswil bestier?

Laat ons daarom in gedagte hou dat dit 'n besondere geneesmiddel is om ons ongeduld stil te maak: ons moet naamlik ons oë afwend van die huidige kwaad wat ons tormenteer en ons blik rig op 'n oorweging van 'n ander aard: hoe deur liefde bewoë God in Christus jeens ons staan.

**Johannes Calvyn.**

# O, Almal wat dors het, kom!

"Vals was ek nog nooit in my lewe nie. Ek behoort aan geen kerk nie!" U was daardie dag van ons ontmoeting baie driftig. Toe ek aan u sê dat ek weer kom kuier, was u antwoord: "Kom gerus, maar los jou geloof tuis!" U het daardie dag ook spottend na die geloof verwys deur te sê: "Ek glo soos jy glo dat daar honderd sent in 'n rand is."

Ek het baie daarvoor nagedink. Wat my veral bygebly het, was u woorde: "Vals was ek nog nooit in my lewe nie. Ek behoort aan geen kerk nie." Hierdie beskouing van u is aan my bekend. Daar is ook andere wat soos u dink en praat dat kerkmense vals mense is... skynheiliges! Dit is waar dat kerkmense kan teleurstel. Hulle is maar vol sonde en gebreke!

Laat ons vandag hierdie kerkmense maar vergeet — die mens kan u tog nie red nie! As ons oor mense en hulle valsheid gesels, dan loop ons gevaar om dalk ook vals te raak en net iets aan hulle toe te skryf wat nie so is nie en u wil nie vals wees nie!

Ek het ook nie vandag na u gekom met my **Geloof** nie. U het my die vorige geleentheid gevra om dit tuis te laat bly. Waarvan ek my egter nooit kan los kon maak nie, is God se gawe in my lewe — **die geloof in Jesus Christus**. Dit is nie uit myself nie, maar dit is God se gawe wat deur die Heilige Gees in my hart gegee is.

U wil nie oor hierdie dinge gesels nie. U wil eerder gesels oor hoeveel sent in 'n rand is. Dit stel tog immers nie teleur nie. Elke keer is daar honderd sent 'n rand, maar alle kerkmense is nie opreg nie! Hulle stel teleur!

Laat ons vandag maar eerder met die maatstaf van alle waarheid begin— God se Woord. Hierna kan u maar luister. Dit is nooit **vals** nie. Dit stel nooit teleur nie. Alles wat daarin beloop is, het nog altyd plaasgevind soos dit beloop is. Dink maar aan die belofte dat Jesus as Verlosser gebore sou word.

Vals is God se Woord nie! Laat ons saamlees uit Lukas 13:22-30. Ons ontmoet hier 'n man met 'n baie ernstige vraag: "Here, is die wat gered word min?" Dit is asof hierdie man aan Jesus wil sê: Ek sien dat baie mense u volg, maar as ek al hierdie mense so gadeslaan, dan vra ek myself die vraag: Is daar onder hulle enkeles wat salig gaan word?

In die antwoord wat Jesus hierdie man en almal wat daar was, gegee het, vat Jesus die lewensprobleem van hierdie man en sy gelykes so raak: "Stry hard om in te gaan deur die nou poort." Hierdie man se probleem was dat hy net kyk en nie handel nie! Hy hou van swaarwigtige redenasies. Hy peins en hy beskou!

Hy kritiseer die volgelingen van Jesus, maar self doen hy nie veel om die geloofsweg te bewandel nie. "Stry hard om in te gaan deur die nou poort." Dit is asof Jesus aan hierdie man wil sê: Man, moet nie buite bly staan nie! Dit gaan om jou saligheid, om jou ewige lewe! Stry jy maar net hard!

As jy in 'n brandende huis is en die vlamme om jou woed, dan gaan jy nie berekening maak hoeveel mense al gered is nie. As dit om jou brand en woed — dan handel jy — dan lewe jy! Werp alle kritiese beskouinge van jou af. Dit gaan om jou saligheid, dit gaan om jou ewige lewe — stry hard!

U en ek het nie kans om kritiese toeskouers te wees nie! Die valsheid van kerkmense mag u en my nie verhinder om saam te stry op die geloofsbaan nie! Dit gaan om my persoonlike saligheid, my persoonlike ewige lewe — stry hard om in te gaan.

Dink u nie u het hierdie weg van kerkloosheid gekies omdat dit die maklikste weg is nie? Ons mag nie vals wees nie... u verfoei dit! Dink maar eerlik hieroor na! Ja, wie weet dit nie beter as u en ek self nie... dat dit makliker is om oor bekering te gesels as om jouself te bekeer! Dit is oneindig makliker om as toeskouer die kerk en sy "valse mense" gade te slaan, as ek nie nodig het om die bekeringsweg te bewandel nie!

Wat is ook makliker as om te glo — dat honderd sent 'n rand maak of om myself te verloën — vir my eie ek maar te sê: ek ken jou nie, ek wil met jou niks te make hê nie! Neem die wêreld en gee vir my Christus!

Nee, ek wil u nie kritiseer nie en God doen dit ook nie. God sprei sy verlossingsgenade ook na u uit met die dringende uitnodiging: "O, almal wat dors het, kom na die waters en wie geen geld het nie, kom koop en eet; ja, kom koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!" (Jes. 55:1).

God nooi u om te kom soos u is! Hy nooi u om in Jesus te glo, want die wat in Jesus glo, het die ewige lewe! Dit is tog 'n ryker geloof met veel meer troos, as om te glo dat honderd sent 'n rand maak! As u twyfel aan my woorde, luister wat God self sê: "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbei vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie en laat julle siel hom in vettigheid verlustig." (Jes. 55 :2).

**P. J. J. S. Enslin**

# NIKS SAL ONS VAN DIE LIEFDE VAN CHRISTUS SKEI NIE

'n Klein verhaaltjie van die liefdesleed van 'n jong meisie wie se verlowing gebreek is en die groot verrassing wat vir haar gewag het. Haar oë was rustig en soms vol skaduwee. Haar stem was eers toonloos, soos die stem van iemand wat sy hart leeg getreur het en nou sonder trane van sy droefheid kan vertel. Later het sy met 'n gevoelige intonasie gepraat, haar stem intiem en vol geheimenis.

Dis nou ses maande dat haar verlowing verbreek is. Sy het meer male van verbreekte verlowings gehoor. Nooit geweet dat dit só is nie. Eers het sy gedink sy gaan kranksinnig word. Die skok, die vernedering, die teleurstelling en na die ergste verdriet, die leegheid wat voor haar uitgestrek het... eindeloos.

Wat doen 'n mens met die pyn van 'n teleurgestelde liefde in jou hart? Jy kan dit nie met geweld dooddruk nie. Jy kan nie vir jouself sê dit bestaan nie. Jy kan dit nie opsetlik vergeet nie. Dis altyd daar... altyd en altyd.

Kan 'n mens aan 'n gebroke hart sterf? Sy het eenmaal 'n verhaal van Felix Timmermans gelees waarin die heldin, Leontientjie, die verlowing verbreek het omdat haar verloofde 'n ongelowige was. Sy het gekwyn totdat sy dood is. By haar sterfbed was die jongman teenwoordig en toe dit te laat was, het die jongman tot bekering gekom.

Nou sit sy in 'n soortgelyke posisie. Haar verloofde is 'n diep godsdienstige jongman. Syself het in 'n moderne huis groot geword waarin daar nie oor godsdiens gepraat is nie. Bybelles en kerk toe gaan en bid — sy glimlag wrang. Sy het probeer om hom te verstaan maar sy kon tog nie 'n huigelaar wees en maak of sy glo nie. Die einde van die storie was dat hy die verlowing verbreek het.

Sy het opgehou lewe. Sy het nog net bestaan. Soos 'n slaapwandelaar deur die dae gegaan. Slaaplose nagte, slaappille, kalmeerpille... vitamienpille om haar gestel sterk te maak. Die geneesheer het vakansie aanbeveel. Die dae by die strand was net so leeg. Snags het sy by die hotelvenster gesit en uitkyk totdat die môrester bokant die see opkom.

Sy het besef dat sy moet weg uit die stad... verandering van werk, na 'n nuwe, kleindorpse omgewing. 'n Kantoorpos in 'n mooi klein dorpie aan die voet van 'n berg. Hier was sy 'n volslae vreemdeling.

Een aand het die kamer vir haar te nou geword. Sy het die dorp ingestap. Êrens in 'n donker straatjie het sy mense hoor sing. Die lig het vrolik deur die klein, spits venstertjies van die outydse kerkgeboutjie gestraal. Sy het gaan staan en luister na die orreltjie... Kersliedere. Meteens het sy besef dat dit Desember is. Kerstyd. Die sanggroepie was duidelik besig om vir 'n Kersprogram te oefen. Daar was iets moois in die toneeltjie... intiem... warm.

Toe sy na 'n paar minute verder stap, besef sy dat sy 'n oomblik haarself en haar verdriet vergeet het. Terug in haar kamer het sy iets gesoek om te lees. In die boekrakkie was niks wat sy nog nie gelees het nie. Toe het sy 'n Bybel onder uit haar laai gehaal. Dit was nog 'n verjaarsdaggeskenk wat hy haar gegee het. Haar vorige pogings om dit te lees, het misluk.

Sy het daarin geblaai en begin lees. Die verhaal van Jesus se geboorte. Die ou bekende geskiedenis het sy op skool meermale gehoor. Meteens het dit vir haar nuwe betekenis gekry. Sy het aangehou met lees. Toe sy lank na middernag haar lampie dooddraai, het sy die hele evangelie volgens Lukas deurgelees.

Dié nag was dit die ou storie. Slaaploos, maar tog anders as ander nagte. Die geskiedenis wat

sy gelees het, het in haar gedagte rondgedraai — veral die lydensverhaal — Getsémané, Golgota — dat Hy die smart van die kruis so stil kon dra. Wat is haar eie verdriet teenoor so 'n smart?

Gewoonlik is sy iemand wat terughuiwer vir bloed, beserings, dood. Sy het nog nooit iemand gesien sterwe nie. Was een of tweemaal in haar lewe op 'n begrafnis. Dit het haar vreeslik ontstel. Die nag het sy 'n duidelike prent van Jesus aan die kruis gesien. Sy hoof vol bloed en wonde, sy rug vol geselmerke, sy gelaat, die spykermerke. Fyngevoelig soos sy is, het dit haar tog nie afgeskrik nie. Dit het haar vreemd ontroer.

Toe was dit asof sy 'n onsigbare teenwoordigheid in die kamer bemerk. Soos wanneer 'n mens weet iemand kyk na jou. Die gedagte het hom sterk aan haar opgedring: om jou ontwil, om jou ontwil.

Sy het die Naam van Jesus met haar lippe gevorm en dit langsaam uitgespreek. Jesus. Dit saggies herhaal. Jesus, Jesus, Jesus. Heel saggies en heel langsaam. Jesus, my Saligmaker. Jesus, my Verlosser. In haar gemoed was daar 'n kalmte soos sy in al die maande van verdriet nie geken het nie.

Buite het die nagwind in die boomtoppe geroer. Sy het aan die slaap geraak. Die eerste nag in ses maande dat sy sonder 'n slaappil weggeraak het. Die dag daarna was gevul met 'n vreemde ontroering, teer en diep en stil. Die hartseer was nog daar, maar dit was anders — altyd asof sy 'n vreugdelied uit die ruimtes in haar hart hoor sing en sing.

Sy het stil gebly. Dit was haar hele verhaal. Ek het ook stil gebly. Die stilte het 'n soort eerbied bevat — iets wat buite die greep van die woorde lê. Eindelik my vraag, versigtig: Wat het jy hieruit geleer? Haar antwoord was sonder aarseling: dat niks ons van die liefde van Christus kan skei nie.



# Beklee julle met Christus

Dit skrywe Paulus aan die Romeine (hoofstuk 13:14). Beklee julle met die Here Christus.

Hoe doen 'n mens dit? Aan die Galasiërs skrywe die apostel: Julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. As 'n mens jou met Christus wil beklee, moet jy in Christus gedoop wees. In Paulus se tyd het die doop meermale deur onderdompeling geskied.

Die doopwater is simbool van Christus se bloed en van sy Heilige Gees. Om gedoop te wees in Christus, beteken om in sy bloed en Gees ondergedompel te wees — regverdigmaking deur sy bloed. Heiligmaking deur sy Gees. Kan u u voorstel dat 'n mens in Jesus se bloed ondergedompel kan wees, sonder dat jou klere die kleur van sy bloed aanneem, of kan 'n mens in sy Gees ondergedompel wees, sonder dat jy deurdrenk is van sy Heilige Gees? Dit beteken dat 'n mens jou doop gelowig moet aanvaar — veral die verantwoordelikhede wat op jou gelê is toe jy gedoop is.

Dat jy die drie-enige God van jou doop sal liefhê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou kragte en jou naaste soos jouself. Dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad bewys. Aanvaar u u doop? Beklee u uself met die Here Jesus Christus? Leef u soos iemand wat deur sy bloed regverdig gemaak is en deur sy Gees geheilig?

Of...

## *Gebed*

*Die lig van die son en maan mag ons dag en nag aanskou. Maar gee, o almagtige God, dat ons ons oë nog hoër sal leer ophef. Laat ons nie word soos ongelowiges vir wie die son en maan ook skyn nie. Laat ons sien op die einde van ons verwagting, op ons ewige heil, in die sekerheid dat die heil ewemin kan wankel as u trou, waarvan U ons die onveranderlikheid laat sien aan son en maan, wat deur U geskape is. Laat ons op die heil sien, wat gegrond is in u onwankelbare waaragtigheid en 'n sekerheid gee wat alle dinge omvat, totdat ons eindelijk die salige ryk binnegaan wat vir ons deur die bloed van u eniggebore Seun verwerf is.*

*Amen.*

## *'n Troos wat bly*

Die sagte aandlug teen jou wange en slape vertrous na die hitte van die somerdag. Die musiek van die eerste reëndruppels op die sinkdak is 'n troos na die brand van die droogte, die skaduwee van die eensame boom langs die pad is 'n troos na die tog deur die hitte en stof, die koel hand van die moeder op die koorsige voorkop van die siek kind, is 'n troos.

Die lewe is vol van hierdie klein vertroostinge. Die klein vreugdes, die klein geluk, die handdruk van 'n vriend, die glimlag van 'n kind, die vol-ooop blom op die onverwagte plek in die veld, maar hierdie klein vertroostinge waai soos ylblou bruilofsflinte in die lug. Môre, as die bruilofsfees verby is en ons miskien alweer begrafnis hou, het ons hulle vergeet.

Ons hart het behoefte aan blywende troos. Hoe ouer 'n mens word, hoe meer besef jy dat die vreugde wat geld bring, die troos van vriendskap, selfs die geluk van die huislike lewe geen blywende waarde besit nie. Ons hart hunker na iets wat meer blywend is —'n troos vir vandag.

'n Troos vir die stil, eensame ure van vannag, 'n troos vir môre, 'n troos vir die hele jaar, 'n troos vir die res van ons lewe, 'n troos wat ons die krag sal gee om eenmaal as alle bande wat ons aan die mense gebind het, gebreek word, in ons laaste ure te bely: ek het nooit geweet dis so heerlik om te sterwe nie.

Die kerk hét so 'n troos. Die kerk is 'n moeder wat haar koel hand vertroostend op die voorhoofde van God se kinders kan lê. Daarmee begin die belydenis van die kerk: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Die antwoord op hierdie vraag is 'n Psalm, 'n lied van saligheid. Vir die musiekleier op die wysie van Lelies, 'n hooglied op die liefde van God en 'n weerklank op die genadebeloftes van God. 'n Belydenis wat mense soos u en ek uit die hart gegryp het in 'n eeu toe martelare singend die brandstapel bestyg het en die skavotte strome martelaarsbloed gedrup het. Die antwoord is, kort saamgevat: dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, behoort.

Nie aan myself nie... ek is myself kwyt... afstand gedoen van my kaart en transport... my eie-ek verloën... die diktatuur van my ou sondige self beëindig... geleer om vir myself nee te sê... nie meer my eie baas nie... boedel oorgegee.

Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. Dit is die kern van ons belydenis. Selfverloëning, selfmiskenning en selfkruisiging — ss dit goed by u ingesink het, kan ons verder gaan.

Met liggaam en siel aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, behoort... my getroue Saligmaker! Hoe mooi word Jesus hier genoem. Ek behoort met liggaam en siel aan Hom.

Hy is die wynstok, ek is sy rank.

Hy is die Goeie Herder, ek is sy skaap.

Hy is die fondament, ek is sy bousteen.

Hy is die Bruidegom, ek is sy bruid.

Hy is die Hoof, ek is sy liggaam.

Hy is die Koning, ek is sy onderdaan.

Al is Hy in die hemel en ek op die aarde, nogtans is ek vlees van sy vlees en been van sy gebeente. Inniger, intiëmer en meer ontroerend kan dit nie wees nie.

Dit is my enigste troos in lewe en in sterwe. Dat ek met liggaam en siel aan Jesus behoort...  
aan Jesus, my getroue Saligmaker. Dit is my enigste troos.

En joune?

**P. W. B.**

# BELYDENIS VAN 'N VORS

Wat nou die ewige heil van my siel aangaan, ek dank my liewe God wat my leer bid het, en wel die heilige Onse Vader. Wel, wanneer ek sê, Vader of Onse Vader wat in die hemele is, dan glo en weet ek seker dat ek sy kind is. Omdat ek sy kind is, is ek ook 'n broeder van die Seun van God, ons Here en Heiland, Jesus Christus, en so sy mede-erfgenaar van al die geestelike goedere wat Hy vir al sy gelowiges deur sy menswording, lyde, sterwe, opstanding en hemelvaart in sy Koninkryk, wat geestelik is, met alles wat daarby behoort, verwerf het. Geen duiwel, hel, wêreld of enige mens kan my dit ontnem nie; ek is daarvan so seker deur die geloof asof ek dit in my eie hand het. Laat dit vir my wees tot 'n regte fondament, gelê op die hoeksteen, Jesus Christus, waarvan Paulus sê: Niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. (1 Kor. 3:11). Nou mag u laat aankom, duiwel, dood, hel en wêreld met hul aanhang; ofskoon hulle die tande laat sien, my suur aankyk, woed, raas en spot, hulle het niks aan my, so min as aan my Here en Hoof, Christus, wie se arme lidmaat ek is. Ja, hulle almal saam kan my, sonder die wil van my Vader, nie die kleinste haartjie krenk nie. Hulle kan maar doen wat hulle wil, al neem hulle my tydelike besittings, waarvoor ek tog nie veel omgee nie, en die tydelike lewe, vir sover dit hulle deur my liewe Vader toegelaat word. Hulle help my so teen hulle wil en dank na die Vaderland, waarna ek, sedert ek wedergebore is, volgens Johannes 3, verlang, waar dan ook my siel sal rus, tot op die dag dat die liggaam weer sal opstaan en siel en liggaam weer verenig word, om saam met al die uitverkorenes ewig te lewe en te besit die goedere waarvan ek netnou gespreek het. Dit is my geloof, troos en vreugde.

(Frederik die Wyse, Keurvors van die Paltz, Duitsland, 16de eeu n.C.)